

#3

# Tot in die fynste detail

Put inspirasie uit 'n antieke siertegniek en skep jou eie weergawe van beeninlegwerk.

**MOEILIK**

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 6/10
**Vaardigheidsvlak** 8/10
**Tyd nodig** 8 uur

*Deur* **Nan Day**
*Stilering* **Amanda van Wyngaardt**
*Foto's* **Elza Cooper en Nan Day**

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**

- Annie Sloan Primer Red, Scandinavian Pink en Antoinette
- Annie Sloan Country Grey (vir die stensilwerk)
- Annie Sloan Graphite en Honfleur (die donker mengsel)
- 3 Annie Sloan-kwaste (of soortgelyk)
- klein kwassie vir detail
- Annie Sloan Wax Brush
- Annie Sloan Clear Wax (500 ml)

**GEREEDSKAP**

- suikerseep
- spuitbottel
- stensil
- maskeerband
- sponsroller en verfbak
- stukkie karton
- waterpas
- skuurkussinkies
- pluisvrye lap

## Só maak jy ...










**1** Was enige stof en vuilis van jou meubelstuk af met suikerseep en laat dit droog word. Verf die basislaag met Annie Sloan Primer Red; voeg 'n bietjie water by vir makliker aanwending.


**2** Wag tot die Primer Red droog is en wend dan Scandinavian Pink bo-oor aan; werk druk-druk met jou kwas en los 'n smal rand van die basislaag Primer Red reg rondom oop.

**3** Spuit met die spuitbottel 'n fyn sproei water oor die Primer Red-rand. Werk nou in seksies en wend Scandinavian Pink en Primer Red om die beurt so druk-druk aan sodat die kleure mooi ineensmelt.










**4** Neem 'n klein kwassie en verf van die Graphite-en-Honfleur-mengsel druk-druk al om die rande en oor enige merkies in die hout vir 'n vintage-gevoel. **5** Skep hier en daar ligter skakerings deur die kleur Antoinette oraloor, buiten op die rande, aan te stip. Voeg dan nog Scandinavian Pink by, afgewissel met Antoinette en 'n bietjie Primer Red sodat die kleure oral by die rande en waar jy die donkerbruin verf aangewend het, ineensmelt. Gaan voort deur druk-druk te meng totdat daar nie meer enige sigbare lyne is nie. Spuit met water indien nodig.
**6** Plak die stensil net by die hoeke met maskeerband vas – sodoende kan jy dit gereeld oplig en kyk of jy tevrede is met jou vordering. Rol jou sponsroller deur Annie Sloan Country Grey, verwyder enige oortollige verf deur dit eers oor 'n stuk karton te rol en rol dit dan oor die stensil. Meet en maak met 'n klein waterpas seker die stensil bly reguit. Herhaal die stensilpatroon soos nodig om die voorkoms van beeninlegwerk te skep.







**7** Skuur liggies oraloor die verf en patroon vir 'n gladde afwerking.
**8** Vee die stof af en wend 'n laag Annie Sloan Clear Wax oraloor die meubelstuk aan met 'n klein Chalk Paint Wax Brush; vee deurgaans oortollige was af met 'n pluisvrye lap. Wag tot die volgende dag en vryf dan jou projek goed op met 'n pluisvrye lap.
**9** Skuur enige vernis op die blad af voordat jy dit afrond met 'n afwit-tegniek en die Graphite-en-Honfleur-mengsel: Voeg 300 ml water by een eetlepel van die verfmengsel. Wend die verdunde mengsel met 'n kwas aan, vee oortollige vloeistof af en verseël die blad met Annie Sloan Clear Wax. Indien verkies kan jy dieselfde verf-afronding as die res van die kas ook op die blad aanbring.



**[GEE DIT GLANS]**

**Nan Day, 'n verftegniekkenner en Annie Sloan-verskaffer in Bryanston, Johannesburg, het hierdie wonderlike wenk:**
As jy 'n projek met 'n sagte glans wil afrond, wend Annie Sloan Pearlescent Glaze oor die gestensilde dele aan met 'n fyn detailkwassie. Verseël dit dan met Annie Sloan Clear Wax. Vee alle oortollige was af sodat dit nie die glans van die Pearlescent Glaze belemmer nie. Nog 'n opsie is om Annie Sloan Chalk Paint Lacquer, pleks van Clear Wax, oor die hele meubelstuk aan te wend.

**KONTAK** nan@simplyfrench.co.za, Instagram/simplyfrenchsa